Maandag 27 April
Skrifgedeelte: Jesaja 52:13 – 53:5
Fokusgedeelte: Jesaja 53:5

## In óns plek word Hy die Man van smarte

Gebore, gely, gesterwe – so lyk elke mens se gedeelde lot in Adam. Elke lewe word onder God se vloek weer stof.

So kom Jesus ook in die wêreld: Hy word gebore, dra sy kwota lyding en stryd. Aan die kruis eindig ook sý lewe onder God se vloek.

Waarom moes Hy so bitter ly? Om vir ons bloot 'n morele voorbeeld van selfopoffering na te laat? Maar dan begryp jy nog nie die ware aard van sonde, hoedat dit 'n onoorkombare muur tussen jou en God oprig nie. Jy begryp nie dat God se toorn op die mens rus solank daar sonde is nie. Jy begryp nog nie die hele doel van Jesus se koms na die wêreld nie.

Nee, Christus is nie 'n morele voorbeeld nie, maar ons Plaasvervanger. "Plaasvervanger" is die hooftema wat deur Jesaja 53 loop: Oor óns oortredings is Hy deurboor, oor óns sondes is Hy verbrysel, die straf wat vir ons vrede moes bring was op Hom. Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Waarom moes Christus so verskriklik ly? Omdat net die vlekkelose Lam van God die sondes van die wêreld kan wegneem. In die lydende Kneg hoor ons die hartklop van God se liefde: *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê"* (Joh. 3:16).

Wat 'n heerlike troos! Hy is die rede hoekom ons die triomflied in Romeine 8:31 en verder kan omhels: *"Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie?"*

*Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons ..."*

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*

*Ds. SPJ (Salmon) Vermaak (Emeritus)*